**PREDIKANTE:**
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
Ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

**BERIGTE:**
polsslag@gkbenoni.co.za
**WEBBLAD:**
www.gkbenoni.co.za
**FACEBOOK:**
https://www.facebook.com/GKBenoni/

# polsslag

Rom 12:2

## Gereformeerde Kerk Benoni

15 Januarie 2017

**ADMINKANTOOR:**
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

**KOÖRDINEERDER**
Ronel Ritchie
☎ 011 849 6817
☎ 081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.*

## VANDAG SE EREDIENSTE:

***OGGENDDIENS***
***09:00***
***Ds. Louis Buys***

***Skriflesing**: Johannes 15:1-17*
***Teksvers**: Johannes 15:16*
***Tema**: God se liefdevolle uitverkiesing begrond die enigste sin vir ons lewe: dra vrugte!*

---

***LOF- & AANBIDDINGSDIENS***
***17:00***
***Dr. Braam Krüger***

***Skriflesing:** 2 Konings 2: 23-25*
***Teksvers:** 2 Konings 2:23*
***Tema:** Moenie gefool word deur 'n karikatuur nie.*

---

***AANDDIENS***
***18:30***
***Ds. Louis Buys***

***Skriflesing**: 1 Timoteus 1:12-20*
***Teksvers**: 1 Timoteus 1:14*
***Tema**: Verwonder ons ons nog aan God se onbeskryflike genade?*

**HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS!**
**KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE NA DIE ERE-DIENS IN DIE SAAL**

## KNIELTYD - Ons gee om vir mekaar

**MEELEWING:**

- Melani Hugo se pa is Sondag, 8 Januarie oorlede. Ons gebed is dat die Here die familie en die Hugo-gesin (Melani, Johan en HP) ryklik sal vertroos.

**MEEGEVOEL:**

- Rita Suurd was die afgelope week by die kardioloog, en moet Donderdag, 19 Januarie vir 'n angiogram gaan.
- Willem Reinecke het die afgelope week 'n breukoperasie ondergaan. Hy sterk nou tuis aan.
- Rita Coetzer gaan die 24ste Jan vir 'n groot rugoperasie.
- Tannie Emma Grobler, Mathilda Sterkenburg se ma, se hart het baie verswak en sy is nou bedlêend. Ons bid dat die Here haar, oom Neels en haar familie sal versterk.

**DANKBAARHEID:**

- Ons is baie dankbaar om te noem dat dit beter gaan met Lisa Marchant. Sy kry behandeling in Randburg teen depressive en kon die naweek huis toe kom. Ons bid vir haar volkome herstel toe.
- Ons is baie dankbaar om te verneem dat Hanli Buys positief reageer op die kankerbehandeling. Behandeling is langtermyn, en ons bid steeds dat die Here die behandeling sal seën.

**GELUKWENSINGS:**

- Tammy Pretorius is swanger. Baie geluk ook aan haar man Johan en Buddy & Martie Gibson( Johan se ouers).
- Emmie Krüger het BA-graad gekry, en doen hierdie jaar haar honeurs-graad.

## DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK

| DAG | | AKTIWITEIT | KONTAK PERSOON | LOKAAL |
|---|---|---|---|---|
| So. 15/01 | 08:00 - 09:00<br>09:00<br>Na oggenddiens<br>18:00 | Gebedsuur<br>Peutersorg (2-4 jariges)<br>Katkisasie opening (gr 1-8)<br>Katkisasie opening ( gr 9-11) | Donsie Krüger<br>Anneke Salomons<br>Adri van Tonder<br>Adri van Tonder | Ou Moederskamer<br>Kerkhuis - kleuterkamer<br>Onderskeie lokale<br>Onderskeie lokale |
| Ma. 16/01 | 09:30 | Bybelstudie Rynpark 5 | Adrie Goede | Rynpark 5 |
| Wo. 18/01 | 09:00 –12:00 | Nuwejaarsfees vir PALMS | Una Steyn | Kerksaal |
| Vr. 20/01 | 08:30 | Bybelstudie | Braam Krüger | Konsistorie |
| Sa. 21/01 | 08:00 | Bankiebouprojek | Stefan Coetzee | Kerkterrein |

## VOORUITSIGTE

| | |
|---|---|
| 30 Jan | Kom vra jou vrae |
| 4 Feb | Victus Christi Mark |
| 4 & 5 Feb | Pa en seun naweek |
| 12 Feb | Massa Lof-en aanbiddingsdiens |
| 15 Feb | PALMS byeenkoms |
| 17 Feb | Jeugaksie |
| 19 Feb | Nagmaal & nagmaalsete |

**NUWEJAARSFEES PALMS**
**18 JANUARIE 2017**
**09:00 TOT 12:00 IN DIE KERKSAAL**

Alle lidmate bo 60jarige ouderdom word hartlik uitgenooi na die nuwejaarsfees.
Kry asb julle uitnodigings by Ina Bolt na die erediens of kontak Ina op ☎ 084 339 1136 of vir navrae kontak Una Steyn ☎083 309 4017

**NOG 'N BANKIE VIR DIE BINNEPLEIN**

Alle broeders wat handig is met gereedskap of wat wil kom deel in die koinonia kan komende Saterdag 21 Januarie om 08:00 by die kerk kom hand gee om te help met die konstruksie van nog 'n plastiek tuinbankie. Die dames kan vanaf 09:00 kom koeldrank aanmaak, en help in die kombuis om die hardwerkende mans se mage te versorg.
Dit is 'n heerlike geleentheid om mekaar beter te leer ken op informele vlak.
Navrae of voorstelle kan gerig word aan
Stefan Coetzee ☎ 083 785 2713

**Gemeentenuus**: Vertrek met attestaat
- Alwyn Fasen na GK Krugersdorp.
- Juan & Helene Breitenbach en dooplidmate Chanté en Juandré na GK-Brakpan.

**PA EN SEUN WEGBREEKKAMP**
**4 & 5 FEBRUARIE 2017**

Soos 2 jaar gelede wil ons weer n pa en seun naweek hou. Dit sal weer in die berg in Volksrust plaasvind. As jy nie n seun het nie mag jy n kleinseun of n ander seun saambring. Jy mag ook ander vriende nooi.
Die geriewe … niks.
Kostes: Jou vervoer koste en eie kos. (Spyskaart as riglyn sal uitgewerk word)
Bring 'n windbuks, as jy een het, vir teikenskiet, iets vir kleilat en klere wat kan vuil word. Bring ook 'n saag en byl dat jy jou seun kan leer hout saag. En natuurlik stapskoene.
Eie tent is belangrik. Enige weer kan verwag word op 2040m bo seevlak.
Die vroue moet asb. tuis bly, daar is geen krag of toilet.
RSVP die dag voor ons vertrek, ons moet laaank voor die tyd bespreek.
Almal wat onder hierdie omstandighede wil kampis welkom!
Organiseerder: Stefan Coetzee ☎ 083 785 2713.

**KOM VRA JOU VRAE:**
**ELKE LAASTE MAANDAG VAN DIE MAAND.**

Elke laaste Maandagaand van die maand, om 19:00 kan jy antwoorde kom vind en saam gesels oor jou bybelse– of geloofsvrae saam met Ds. Braam.
Die volgende geleentheid hiervoor sal DV Maandagaand 30 Januarie in die jeuglokaal plaasvind.

Alle navrae kan aan ds. Braam Krüger gerig word op
☎ 082 459 5636 of per e-pos by braam@gkbenoni.co.za.

## BAIE DANKIE.

Die afgelope paar jaar was daar 'n projek wat ons almal as die "doppie" projek ken, met Jana en Rudi Bezuidenhout aan die stuur daarvan. Doppies was ingesamel, en wanneer daar genoeg was was dit ingeruil vir rolstoelle. 7 Rolstoele is deur hulle ingesamel.
Rolstoele is van onskatbare waarde wanneer iemand nie meer self die beweeglikheid het, wat baie van ons as vanselfsprekend aanvaar, totdat siekte of ramp hulle tref nie.
Só kon daar rolstoele uitgeleen word, of geskenk word waar daar nood was.
Hier volg "n briefie van so iemand wat hulle waardering wil uitspreek .....

*" Liefste Gemeente,*



*Namens ons pa, Ernst Erasmus wil ons julle opreg bedank vir die baie nodige en handige rolstoel.*

*Na 4 heup operasies die afgelope jaar gaan die stoel verseker help om oor die weg te kom.*

*Ons opregte dank vir almal wat dit moontlik gemaak het.*

*Marie-Louise, Susan, Stefanie en Erna Xxx "*

## VERJAARSDAE
## 15 tot 21 Januarie

Baie geluk en mag ons Vader julle ryklik seën in die nuwe lewensjaar!

| Dag | Naam | Kontak nr. |
|---|---|---|
| 15/01 | Nicole Claasen<br>Ruben Coetzee #<br>Vasti Wessels | ☎084 882 7258 |
| 16/01 | Peet Venter (jnr.) | ☎083 400 7107 |
| 17/01 | Babsie Marais **<br>Coetzee Bornman # | ☎083 949 1498 |
| 18/01 | Kayleigh Holl # | |
| 19/01 | Adell von Vollenhoven<br>Nerine van Dyk | ☎087 894 1903<br>☎083 440 2634 |
| 21/01 | Christelle Wisser<br>Jana Potgieter<br>Marco Daüth #<br>W.C. Diedericks # | ☎071 875 2063<br>☎083 305 8080 |

(# doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤ )

## !!! SOSIALE MEDIA & INTERNET GEVARE !!!!

Meeste van ons maak daagliks gebruik van sosiale media of die internet om te kommunikeer. Sonder die nodige kennis van die gevare en gevaartekens om voor op die uitkyk te wees, stel ons onsself en ons kinders bloot aan kriminele wat op die jag is vir slagoffers.
Kom luister na 'n kenner op die gebied na watter tekens om voor op die uitkyk te wees en bemagtig jouself (en jou kind/ers) om die risiko's te herken, voor jy of jou kind 'n slagoffer word.
Die praatjies is gegrond uit 'n christelike perspektief.
Daar gaan 2 geleenthede wees direk na die Lof-en Aanbiddingsdienste, gemik op verskillende ouderdomsgroepe:

1. **Sondag 22 Januarie** se praatjie is gemik op die ouderdomsgroep 14—19 jariges.
2. **Sondag 29 Januarie** se praatjie is gemik op ouers en jong volwassenes.

Tydens byde geleenthede sal daar 'n sosiale byeenkoms-geleentheid wees, eers vir die ouers terwyl die kinders die praatjie bywoon, en die daaropvolgende week vir die kinders terwyl die ouers die praatjie bywoon.
Ons moedig julle ten sterkste aan om gebruik te maak van hierdie geleentheid, aangesien daar soveel gevalle is van mense wat onwetend slagoffers word bloot uit onkunde.

Navrae kan gerig word aan: Ronel Ritchie ☎ 081 218 3048 of e-pos: ronel@gkbenoni.co.za

**Laat my asb. weet of julle die praatjie en/of social of beide gaan bywoon sodat ons kan weet vir hoeveel mense om gereed te maak.**

## ADVERTENSIES EN SPESIALE VERSOEKE

**WERK GESOEK:**

Vir enige administratiewe werk, bv. Liassering, tikwerk ens. wat ek van die huis af kan doen, kontak my asseblief. Ek het ook internet fasiliteite, sou dit nodig wees om per e-pos te kommunikeer.

My kontaknesonderhede is ☎076 890 7430. E-pos adres: nerinebenoni@gmail.com.

Baie dankie, en geseënde week, Nerine Oosthuizen

**BYBELVRAAG VAN DIE WEEK:**

Verlede keer 11 Desember 2016 se antwoord: Spreuke 11:16

" 'n Deugsame vrou is gesteld op haar goeie naam mense wat niks ontsien nie, is gesteld op rykdom."

Die volgende bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur

Andre Bakker , Jan Lubbe, Una Steyn, Martie Gibson, Chrissie Pretorius

Hierdie week: Soek die Bybelvers

" Na hierdie gebeure het Josua seun van Nun, dienaar van die Here, gesterf. Hy was ??????? ?? ???? jaar."

Vraag: Hoe oud het Josua geword?

Lees gerus Josua en noem hoe oud Josua geword het en noem waar bostaande vers staan en SMS dit met jou Naam en Van na 082 873 3173.

**KOLLEKTES**

| | | |
|---|---|---|
| 11 Des 2016 | - Kerkkas | - R1836 |
| | DVB | - R 6753 |
| 18 Des 2016 | - Emeritaatsversorging | - R 1581 |
| | DVB | - R 4269 |
| 25 Des 2016 | - Bybelverspreiding | - R 1869 |
| | DVB | - R 4578 |
| 1 Jan 2017 | -Kerkkas | - R 1765 |
| | -DVB | - R 4134 |
| 8 Jan 2017 | -TOIBO | - R 2670 |
| | - DVB | - R 5938 |

**Vandag:** Onder die diens: DVB
By die deure: Pro Ecclesia

**Volgende week: TSP. Bibfonds**

## DIENSBEURTE

**TEESKINK:**

Vandag: Hannes & Riana vd Linde & Nicoli & dogters

22 Jan : Wyk A1

**OUDERLING AAN DIENS:**

Vandag: Ronel Ritchie

22 Jan: Evert Bolt

**Het jy behoefte** dat iemand vir jou of saam met jou bid?
Jy kan jou gebedsversoeke stuur na 084 627 2393
Ons bid graag vir jou!

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

**GK BENONI BANKBESONDERHEDE:**

BANK : ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYSING : Volle Naam, Van & Doel

**Of SNAPSCAN:**

Barmhartigheid

Deur kollekte